

17 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 29
FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 29:20-36

Waar God werk, bring sy kinders singend en juigend offergawes

In die meeste kerke speel die orrel 'n sagte, strelende stukkie musiek wanneer die kollektes opgeneem word. Hier lees ons van 'n erediens wat in 'n gereinigde en geheiligde tempel herstel is. Verstommende – ons kan byna sê verbysterende – offers word juigend en al singende met lofprijsing gebring. Probeer jou net indink hoe dit gelyk het: ses honderd beeste en drie duisend stuks kleinvee! Daar was te min priesters om die slagwerk te doen. By ons is daar soms nie middele om bedienaars van die Woord te bekostig nie. Party sit sonder werk, maar hier was dit andersom: Daar was soveel dankoffers dat daar te min bedienaars was om dit te hanteer. Waar mense naby aan God gekom het, is dit vir hulle louter vreugde om te kan gee.

Wat het dan in Israel gebeur?

Daar was reformasie en herlewing, waaragtige verootmoediging en geloofsverdieping. Dit het gelei tot 'n terugkeer na die eise van God se verbond. Kyk na die opregte skuldbelydenis in vers 6 en 7 en die pynlike besef van die volk dat hulle self voor God skuldig staan. In hierdie nuwe toewyding aan die diens van die Here in sy tempel, onder leiding van koning Hiskia, het hulle besef dat oorgeërfde patrone – waaraan hulle almal so gewoon geraak het dat hulle die patrone nooit meer bevraagteken het nie – voor God radikaal verkeerd was. Nie net het hulle hulle persoonlike sonde bely nie, maar die sonde van die hele volk. Vers 31 sê hulle het hulle opnuut aan die Here toegewy. Dit was 'n opregte oorgawe aan die Here. Ons kan sê 'n nuwe besef van wie God regtig is, het tot hulle deurgedring. Ware geloofsverdieping vind plaas waar mense besef hulle het van aangesig tot aangesig voor die lewende en heilige God gekom. Die vrug daarvan was dat hulle besef het dit alles kom van God self af (2 Kron. 29:36): "Hiskia en al die mense was bly oor wat God vir die volk beskik het..."

Egte vernuwing wat God alleen kan bring, vind nooit plaas as dit nie gepaardgaan met diep, opregte sondebef, verootmoediging en reformasie nie. Die Heilige Gees wek voorgangers op wat baie klein voor God word omdat hulle hulle eie sonde en selfs dié van hulle ouers raaksien en bely. Hiskia het altare wat sy eie pa opgerig het, laat afbreek! Hy kon dit net doen omdat Hy geweet het God is berouvolle sondaars genadig. Hy het vasgegryp aan die beloftes van God se algehele vergifnis en versoening wat in die sondoffer gesimboliseer is en vir my en jou in Christus vervul is. As jy 'n besef kry van hoe totaal God se vergifnis in Jesus Christus is, dan word dit maklik om skuld en selfs sondige tradisies te bely en daarmee te breek.

Dit sal lei tot die vreugdevolle, singende en juigende bring van offers! Ons sal weer bly wees oor alles wat God vir ons beskik het.

Dr Flip Buys (Mukhanyo Teologiese Kollege)